

9 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 143:1-12

Fokusgedeelte: Psalm 143:5

'n Toekoms vir die dienaars van die Here

Psalm 143 vertel van Dawid se hewige benoudheid toe 'n vyand (Saul?) hom wou doodmaak. Hy voel hy word in die *grond getrap*, hy ly 'n *wegkruip-naglewe*. Sy toekoms wankel.

Dis in hierdie omstandighede dat hy terugkyk in die geskiedenis. Sy eie lewe en dié van die kerk (vs 5). Hy peins daaroor. Wat ontdek hy? Drie dinge.

- In tye van groot benoudheid is daar altyd hoop en uitkoms. Wat? Gebed!. Waar 'n mens niks is, is die goedheid, almag en genade van God alles. Daarom noem Dawid hierdie gedig: *Hoor my gebed, Here* (vs 1). Eintlik moet ons hele lewe 'n gebed, 'n gesprekslewe, met ons Here wees. Doen ek en jy so vandag?
- Tweedens weet Dawid uit die geskiedenis en sy eie lewe dat *niemand regverdig by God is nie* (vs 2). Ons roep ons Here aan, nie omdat ons goed, rein, trou, is nie. Nee, ons gaan na God in die Naam van Jesus Christus, ons Borg en Voorspraak. Jesus het mos gesê: *Alles wat julle in my Naam vra, sal julle ontvang*.
- Derdens weet Dawid uit die geskiedenis en sy eie lewe dat God vyande van sy kerk nie laat wegkom met hulle onreg nie. Daarom vers 12: *Here, vernietig my vyande*. Pragtig bid Dawid vir die teendeel in sy eie lewe: *Here, leer my om U wil te doen ... U dienaar te wees* (vs 10, 12).

Kom ons maak hierdie drie lesse ons eie lewensuitkyk.

Sing: Psalm 138:4 (1936-beryming)

Dr NP Heystek (Emeritus)